LAERSKOOL Durbanville PRIMARY SCHOOL

Weyerslaan
Durbanville 7550

Telefoon 976 8115 Telephone

Weyers Avenue
Durbanville 7550

E-pos / E mail: office@durbieland.com

Omsendbrief 16/2021 28 Oktober 2021

Geagte Ouer/Voog

ERKENNINGSGELEENTHEDE

Graag wil ons vanjaar erkenningsgeleenthede vir ons kinders skep. Nieteenstaande COVID-19 se ontwrigting op akademiese, sport- en kultuurgebied kan ons steeds met aanpassings aan ons bestaande kriteria hierin slaag.

Die erkenningsgeleenthede vind op die volgende datums plaas:

VLAK 1 toekennings: Akademiese-, sport- en kultuursertifikate

Gr. 4: Maandag, 6 Desember tydens skoolure (slegs leerders)
Gr. 5: Dinsdag, 7 Desember tydens skoolure (slegs leerders)
Gr. 6: Dinsdag, 7 Desember tydens skoolure (slegs leerders)
Gr. 7: Woensdag, 8 Desember tydens skoolure (slegs leerders)

U kan die skool se Facebook blad en d6 volg vir die skakel om die geleenthede te “stream”.

VLAK 2 – 4: Erekleure- en Suma Praestantia toekennings

Gr. 4 – 7: Woensdag, 8 Desember 18:30 tot ±20:30 in die skoolsaal (leerders en ouers)

Weens Covid-19 protokol is daar beperkte aantal sitplekke in die saal en daarom kan daar maksimum 2 familielede per leerder vir die Woensdagaand geakkommodeer word. U kan die skool se Facebook blad en d6 volg vir die skakel om die geleentheid te “stream”.

Ons versoek dat u die nodige aansoekvorm (sien skakel onder) vir sport- en kultuurerkenning volledig voltooi ASOOK ‘n amptelike skriftelike bewys van die prestasie aanheg. Indien geen bewyse gestuur word nie, kan ons ongelukkig nie u aansoek aanvaar nie. U volg hierdie skakel https://forms.gle/4nsQCVhqUg1osJ8q8, voltooi die inligting en laai die bewys van prestasie op. Aansoeke sluit **Vrydag, 5 November 2021**. Indien u enige navrae het kan u dit na sport@durbieland.com stuur.

Let wel indien u reeds u aansoekvorm gedurende die 3de kwartaal se erkenning per epos gestuur of op die Google Form voltooi het, hoef u nie weer aansoek te doen nie, mits daarna verdere prestasies plaasgevind het waaroor die skool nog nie ingelig is nie.

Die vlakke van erkenning:

VLAK 1	Leerders wat kwalifiseer vir hierdie vlak van erkenning, ontvang ‘n sertifkaat.

VLAK 2	Hierdie vlak ken **erekleure** toe aan presteerders in die verskillende kategorieë. Dit word in die vorm van balkies vir skoolbaadjies aan die leerders oorhandig. Geen datums word op die balkies aangedui nie, Indien ‘n leerder vir die eerste keer kwalifiseer vir sodanige balkie, ontvang hy/sy dit in geel. Indien ‘n leerder vir ‘n tweede jaar kwalifiseer vir dieselfde balkie, ontvang die leerder ‘n silwer balkie wat dan die geel balkie vervang. Indien erekleure vir die derde keer verwerf word in ‘n betrokke kategorie, ontvang die leerder ‘n goue balkie wat dan die silwer balkie vervang. Indien erekleure vir ‘n vierde keer verwerf word, word ‘n hertoekenning oorhandig (‘n spesiale sertifikaat).
VLAK 3	Indien ‘n leerder drie goue balkies verwerf het, d.w.s in al drie kategorieë, word ‘n **Suma Praestantia** erewapen toegeken. Die erewapen word slegs toegeken vir die verwerf van drie goue balkies. Indien ‘n leerder vir die tweede keer die hoogste vlak van erkenning bereik, word ‘n Suma Praestantia-medalje oorhandig.
VLAK 4	Dit is die hoogste vlak van erkenning nl. Suma Praestantia toekenning en word toegeken vir spesifieke begaafdheid. Sodanige leerders kry ‘n erewapen op die baadjie se sak en die kategorie waarvoor dit toegeken word, word op die wapen geborduur. Hierdie erkenning word gegee vir **internasionale deelname aan sport- of kultuuraktiwiteite**. **Indien dit ‘n skoolsport is, word dit toegeken indien die leerder die hoogste moontlike vlak in die betrokke sportkode bereik het.** Om dit vir Akademie te verwerf, moet ‘n prestasie op nasionale vlak behaal word.

A. KRITERIA VIR AKADEMIESE ERKENNING

1. Sertifikaat (Eerste vlak):

Gr. 4, 5 en 6: Gemiddeld tussen 80% - 90% vir al die vakke saam behaal – Huistaal, Addisionele Taal, Wiskunde, Natuurwetenskappe en Tegnologie, Sosiale Wetenskappe en Lewensvaardighede.

Gr. 7: Gemiddeld tussen 80% - 85% vir al die vakke saam behaal – Huistaal, Addisionele Taal, Wiskunde, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, Tegnologie, Skeppende Kunste en Lewensoriëntering.

Vir die berekening van die gemiddelde persentasie van elke leerder vir die sertifikaat, maak ons gebruik van die Cemis-puntestelsel. Dit is dieselfde stelsel wat ons vir promosie- en progressiedoeleindes aan die einde van die jaar gebruik:

Gemiddeld van kwartaal 1: 25%
Gemiddeld van kwartaal 2: 50%
Gemiddeld van kwartaal 3: 25%

Die gemiddelde van die **leerders word nie afgerond** by die finale gemiddeld **nie**, aangesien dit alreeds boontoe afgerond word gedurende die kwartaal en die leerder reeds voordeel daaruit getrek het.

Vakpryse word wel vanjaar vir Litnum vakke (Afrikaans, Engels en Wiskunde) toegeken.

2. Erekleure (Tweede vlak):

Gr. 4, 5 en 6: ‘n Leerder moet ‘n vereiste gemiddelde persentasie van 90% en hoër gebaseer op Huistaal, Addisionele Taal, Wiskunde, Natuurwetenskappe en Tegnologie, Sosiale Wetenskappe en Lewensvaardighede behaal.

Gr. 7: ‘n Leerder moet ‘n vereiste gemiddelde persentasie van 85% en hoër gebaseer op Huistaal, Addisionele Taal, Wiskunde, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, Tegnologie, Skeppende Kunste en Lewensoriëntering behaal.

B. KRITERIA VIR SPORTERKENNING

1. Sertifikaat (Eerste vlak):

- Enige leerder wat ‘n streekspan verteenwoordig het.
- Die streekspanne vir skoolsporte is as volg:

Atletiek:	Durbell-span
Swem:	Vlak 2
Netbal:	Metropool-Noordspan
Hokkie:	Noordelikes / Table View / Durbell Sonespanne
Krieket:	Metropool-Noordspan
Rugby:	Bellville Sone-span
Landloop:	Metropool-Noordspan
Tennis:	Noordelike Sonespan
Gholf:	Streekspan
Skaak:	Streekspan
Tweekamp:	Interprovinsiale deelname

- Buite-sportsoorte word op meriete hanteer en met die betrokke liggame/bestuur geverifieer.

2. Erekleure (Tweede vlak):

- Enige leerder wat provinsiale/nasionale kleure verwerf het in ‘n sportsoort. Die leerder moes sy/haar provinsie/land **verteenwoordig het, met ander woorde deelgeneem het.**

C. KRITERIA VIR KULTUURERKENNING

1. Sertifikate (Eerste vlak):

- Prestasie in ‘n eksterne musiekeksamen (UNISA, ALMSA, Royal School, Trinity: 70% en hoër)
- Koorlede: Hoogste Lof by eisteddfod/ATKV-finaal
- Louriertoekenning vir 4-jaar lidmaatskap van koor
- Enige ander eisteddfod-deelname: Hoogste Lof
- Tweede of finale rondte van nasionale kompetisie, bv. ATKV Redenaarskompetisie

2. Erekleure (Tweede vlak):

- Kultuur erekleure word slegs toegeken vir kategoriewenners by erkende Eisteddfods (bv. Tygerberg, Kaap of Stellenbosch), spesiale erkennings by erkende toneelfeeste of die wen van ‘n nasionale kompetisie.

- Kultuur erekleure word toegeken aan ’n groep/individu wat na ‘n minimum van 2 kwalifiserende rondtes, deurgedring het na die finaal van ‘n nasionale kompetisie (bv. ATKV Redenaars, Applous Koorkompetisie, Oppie Tong Af).

- Kultuur erekleure word toegeken aan musiekleerders wat op die UNISA, ALMSA, Royal School of Trinity College se ererol (bo 90%) verskyn.

- Kultuur erekleure word toegeken aan leerders wat reeds ‘n jaar in die Tygerberg Kinderkoor gesing het.
- Keuring vir Van der Spuy Musiekkompetisie.
- Hoofrol in TV / Film of verhoogproduksie (Buite skool) op nasionale vlak.
- <u>Die dissiplines wat sorteer onder kultuur is as volg</u>:

  Koor, Drama,Tygerberg Kinderkoor, Musiek (klavier, kitaar, viool, ens), Kuns, Sang, Poësie en Prosa, Spreekkoor, Moderne Dans-eksamens, Redenaars en enige ander kultuuritems aangebied by Eisteddfods of Toneelfeeste

Alle pryswenners sal **individueel per brief ingelig** word.

U samewerking word hoog op prys gestel.

Vriendelik die uwe

F. Roux	T. Koegelenberg	E. Saayman	T. Kriel
SPORTBESTUURDER	**KULTUURHOOF**	**AKADEMIEHOOF**	**ADJUNKHOOF**

DURBIES VIR ALTYD

Waarde vir die maand: